# HOOFSTUK DRIE

# MAATSKAPLIKE DIENSSTRUKTURE GEDURENDE DIE PERIODE VAN BRITSE ADMINISTRASIE, 1902 - 1910

Etlike Owerheidstrukture in Suid-Afrika is in 1902 onder die Britse administrasie saamgevoeg. Van Owerheidsweë was die eerste prioriteit die herstel van die verwoestende uitwerking van die Suid-Afrikaanse Oorlog. Hierdie omvattende taak van heropbou is aan Lord Alfred Milner opgelê.[1]

Verder is nouer samewerking tussen die vier kolonies algemeen voorgestaan. 'n Nasionale Konvensie is belê vir Oktober 1909 waar die Owerheid van die vier kolonies asook die opposisiepartye teenwoordig was.[2] Die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika het nie spesifiek melding gemaak van maatskaplike versorging vanaf die kant van die Owerheid nie. Alhoewel die nasionale Owerheid nie direk melding maak van welsynsaktiwiteite nie, was die provinsiale administrasies gemagtig om ordonnansies rakende die stigting en organisasie van welsynsorganisasies uit te vaardig.[3]

'n Begeerte na vrede en eenheid, onder veral die blanke groepe, het Owerheidsdenke gerig, en kompensasie in 'n ná-oorlogse staat was deel van die politiek-ideologiese proses. Die proses soos dit vanaf 1902 tot 1910 ontwikkel het, word in die volgende sub-afdelings uiteengesit.

---

1 G.B. Pyrah, ***Imperial policy and South Africa, 1902 - 10***, p. 51.

2 L.M. Thompson, ***The unification of South Africa, 1902 - 1910***, p. 82; B.J. Liebenberg en S.B. Spies, (Ed.), ***South Africa in the 20th century***, pp. 45 - 46.

3 F.A. van Jaarsveld, ***100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648 - 1961***, p. 193; B.J. Liebenberg en S.B. Spies, (Ed.), ***South Africa in the 20th century***, pp. 46, 48.

## 3.1 DIE MAATSKAPLIKE POSISIE IN SUID-AFRIKA NA 1902

Voedselvoorsiening was 'n dringende behoefte. Die noodsaaklikheid dat landbou op 'n meer gevorderde grondslag bedryf moes word, het van meet af aan die Owerheid se aandag ontvang. Om maatskaplike dienslewering verder te kompliseer is 'n ernstige droogte in 1903 en 1904 beleef. Hongersnood het hierop gevolg.[4]

Die Kleurlinggemeenskap was hoofsaaklik woonagtig in die Kaapkolonie. In die arbeidsmark het hulle meestal gekompeteer met die blanke halfgeskoolde. Met die toenemende bewuswording van die Armblankeprobleem, het baie Kleurlinge hulle poste verloor, of is verlaag tot ongeskoolde arbeid. Dié Kleurlinge wat op plase gewerk het, het ook as gevolg van natuurrampe en die ekonomiese omstandighede hulle werk verloor. Dit het niks goeds vir hulle maatskaplike toestand ingehou nie.[5]

Die vierde deel van die gemeenskap, naamlik die Indiërs, was teen 1902 hoofsaaklik beperk tot Natal en die Kaap. Hulle maatskaplike, sosiale, ekonomiese en politieke posisie was nie enigsins beter as dié van die Kleurlinge of swartes nie. Inteendeel, hulle is gesien as 'n immigrantegemeenskap wat so gou moontlik na Indië gerepatrieer moes word. [6]

## 3.2 MAATSKAPLIKE HEROPBOU TOT 1910

### 3.2.1 Hervestiging en repatriasie

Alhoewel die Kaap in 'n mindere mate by die Suid-Afrikaanse Oorlog betrokke was, is skade tog aangerig deur invallende troepe vanuit die ZAR en die OVS. Om skadevergoedingeise van inwoners in die Kaapkolonie aan te hoor, is die Oorlogskade Kompensasie Komitee in 1902 ingestel. Die Kaapse Owerheid het daarop besluit om deur middel van Wet nr.17 van 1902 en Wet nr. 31 van 1904 £1 500 000 beskikbaar te stel om alle eise in Suid-Afrika te dra.[7]

---

4 P. Warwick, (Ed.), ***The South African War the Anglo-Boer War 1899 - 1902***, pp. 203, 351.

5 I.J. van Eeden, ***Armoede in sosiologiese perspektief***, p. 50.

6 G.B. Pyrah, ***Imperial policy in South Africa, 1902 - 10***, p. 96

7 Anon., ***Statutes of the colony of the Cape of Good Hope passed by parliament during the sessions 1902 - 06, with table of contents and index. Volume V***, pp. 4364 - 4365, 4385 - 4387, 4754 - 4759.

Lord Alfred Milner se eerste taak in 1902 was om die hervestiging en repatriasie van die krygsgevangenes en konsentrasiekampaangehoudenes af te handel. Volgens die Britse administrasie in die Transvaal was daar teen 1 Junie 1902, 44 969 mense in die kolonie se kampe en 'n verdere 24 257 in die Natalse kampe. Om hervestiging te vergemaklik is die Hervestigingsdepartement (Repatriation Department) gestig. In samewerking met die Boere Kampe Departement (Burgher Camp Department) is die proses begin.[8]

Die Hervestigingsdepartement en die Boere Kampe Departement se taak was om terugkerende Boere vanuit bannelingkampe buite Suid-Afrika van die nodige lewens-middele te voorsien om daarmee te help om finansieel weer op die been te kom. Ongeveer £16 500 000 is daarvoor opsy gesit en in Desember 1902, aangevul deur 'n lening van £35 miljoen van die Britse Owerheid aan die Transvaal- en Oranjerivier-kolonie. [9]

In die eerste maande ná die einde van die oorlog het die konsentrasiekampe nog kos, kleding en tente aan terugkerende burgers en hulle gesinne, asook gesinne wat saam met die burgers op kommando was, verskaf. Baie gesinne het 'n maand se rantsoene en 'n tent ontvang en is terug na hulle huise of plase gestuur. Die repatriasieskemas van die Britse Administrasie het armoede nie verminder nie. Ondanks die moeilike omstandighede wat geheers het, het baie burgers dadelik 'n daadwerklike poging probeer aanwend om weer hulle lewe van voor die oorlog te hervat.[10] Die oneweredige verspreiding van

---

8 Anon., ***Further papers relating to the progress of administration in the Transvaal (in continuation of [Cd. 1551] April, 1903)*** pp. 3 - 4; J. Esterhuizen, ***Die ekonomiese en maatskaplike toestand van die gewese Republikeinse burgers in die Transvaalkolonie, 1900 - 1910***, pp. 66, 68.

9 T.R.H. Davenport, ***South Africa. A modern history***, 2nd edition, p. 226; C.F.J. Muller, Red., ***500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis***, 3de uitgawe, p. 369.

10 Anon., ***Further papers relating to the progress of administration in the Transvaal . . .*** pp. 6 - 7; Anon., ***Further correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony (in continuation of [Cd. 2563] July, 1905.)***, p. 61; J. Esterhuizen, ***Die ekonomiese en maatskaplike toestand van die gewese Republikeinse burgers in die Transvaalkolonie, 1900 - 1910***, p. 92.

die kompensasievergoedingstelsel het tot ontevredenheid onder die betrokke blanke gesinne gelei, wat hoofsaaklik uiting sou kry in die strewe na unifikasie.[11]

Die burgers wat ná die Suid-Afrikaanse Oorlog nie enige grond besit het nie, of nie in staat was om werk as bywoners te kry nie, is deur die Hervestigingsdepartement gehelp. Gebaseer op die ou-bekende bywonerstelsel, is daar met onafhanklike boere en boereorganisasies saamgewerk om baie van die gesinne wat nog in die kampe was as bywoners uitgeplaas te kry. Soos Chamberlain aan die Burgers van Potchefstroom gesê het: "The Government desires to give to those who are willing to work the opportunity to rise and acquire land for themselves and their children after them."[12]

Die Owerheid het egter nie net voorsien in die behoefte van die blanke boere nie. In samewerking met die Departement van Onderwys van Transvaal is die Irene-konsentrasiekamp in 'n weeshuis omgeskep. Soortgelyke kampe te Pietersburg en Potchefstroom het gevolg. Ongeveer 300 kinders is so gehuisves. Ná die sluiting van die kampe was slegs 40 weduwees en gesinne nog op Owerheidshulp aangewese.

As gevolg van bogemelde skemas en Owerheidshulp, kon die Natalse kampe teen Desember 1902 gesluit word. Transvaalse kampe is afgeskaal tot een depot per distrik. Behoeftige persone binne die radius van hierdie depots is tot einde Januarie 1903 van rantsoene voorsien, en beskikbare tente oorgedra aan die Hervestigingsdepartement.[13]

Die hervestiging van swartmense is aan die "Native Refugee Department" oorgelaat. Swartmense wat gedurende die oorlog blanke plase beset en bewerk het, het verwag dat die Britse Owerhede hierdie plase aan hulle sou toeken. Ontevredenheid het geheers toe dit geblyk het dat hierdie verwagting nie sou realiseer nie. Geld gespaar deur swartes

---

11 J. Esterhuizen, ***Die ekonomiese en maatskaplike toestand van die gewese Republikeinse burgers in die Transvaalkolonie, 1900 - 1910***, p. 79.

12 Vyf Boereorganisasies was betrokke by hierdie skema: Standerton, Vaalrivier, Middelburg en Belfast, Noord-Pretoria en Potchefstroom en Klerksdorp Boere Organisasies. Anon., ***Further papers relating to the progress of administration in the Transvaal . . .***, pp. 15 - 19; J. Esterhuizen, ***Die ekonomiese en maatskaplike toestand van die gewese Republikeinse burgers in die Transvaalkolonie, 1900 - 1910***, p. 85.

13 Anon., ***Further papers relating to the progress of administration in the Transvaal . . .***, p. 8; G.B. Pyrah, ***Imperial policy and South Africa, 1902 - 10***, pp. 213 - 214

wat gedurende die oorlog vir die Britse magte gewerk het of plase bewerk het, is plek-plek deur swart sindikate gebruik om plase by verarmde blanke boere te koop. [14] Hierdie beleid van die Britse Owerheid het gestrook met die ideologiese raamwerk, maar terselfdertyd aanleiding gegee tot ontevredenheid onder die swartmense oor dié vorm van welsynshulp.

Milner het ook die taak gehad om 'n nuwe konstitusie vir die twee nuwe kolonies op te stel. Swartmense het geglo dat hulle lewe ná die oorlog aansienlik sou verbeter. In werklikheid was dit egter nie so rooskleurig nie. In die dorpe en stede is die paswette strenger as ooit toegepas en daar was 'n algemene verlaging in lone.[15] Dit alles het tot 'n plofbare situasie (in die verskeie reservate en swart dorpe) aanleiding gegee. In Zululand byvoorbeeld het die kookpot telkens oorgeloop.[16] Die Bambatha-rebellie van 1906 kan as voorbeeld gebruik word. Die belasting, ingestel deur die Natalse Owerheid as 'n ekonomiese en finansiële maatreël, is onder meer deur die swartmense beleef as 'n verdere aanslag op hulle tradisionele stelsel. Die ouer swart leiers het die belasting gesien as 'n manier waarop die Owerheid die jong swartmans se tradisionele gehoorsaamheid aan gesag verder wou diskrediteer.[17]

In 1903 het die Britse Owerheid die Lagden-Kommissie (ook bekend as die Naturellesake Kommissie) aangewys om 'n eenvormige bestuursbeleid vir die Britse gebiede in Suid-Afrika te ondersoek. Die kommissie het in 1905 aanbeveel dat individuele grondgebiede in bepaalde gebiede uitgebrei moes word langs die weg van territoriale segregasie. Daar is ook aanbeveel dat aparte kiesafdelings vir swartes ingestel moes word in elk van die kolonies. Milner was bewus van die antagonisme vanuit blanke geledere in die Transvaal- en Oranjerivier-kolonie ten opsigte van laasgenoemde voorstel, en het dit nie as wys geag

---

14 Anon., ***Further correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony (in continuation of [Cd. 3025] and [Cd. 3028])***, p. 87; P. Warwick, ***Black people and the South African War 1899 - 1902***, p. 165.

15 L. Thompson, ***A history of South Africa***, p. 144.

16 T.R.H. Davenport, ***South Africa. A modern history***, 2nd edition, pp. 223 - 224.

17 R. King, "The Smythe Administration and the Zulu Rebellion of 1906", ***The South African Historical Society 16th Biennial Conference***, July 1996.

om hieraan te voldoen nie. [18] Deur nie ag te slaan op die aanbevelings van die Lagden-Kommissie nie, het die posisie van swartmense in die reservate verder versleg. Dit het bygedra tot toenemende verstedeliking, armoede en ander sosiale probleme. Ongeskoolde werk was gewoonlik die posisie waarmee die swartmense tevrede moes wees, en daar was 'n voordurende kompetisie met die ongeskoolde blanke vir werk. Daar moes aan 'n totaal nuwe omgewing en stelsel gewoond geraak word, waar daar geen of weinig simpatie was met sy klaarblyklike agterstand in die westerse stelsel. Alhoewel daar na die Armblanke omgesien is, en die probleem aandag geniet het, is die lot van die swarte oor die hoof gesien. [19]

Met betrekking tot Indiërs het die Britse Owerheid strenger beperkende wetgewende maatreëls ingestel. 'n Aantal wette is ingestel. Die doel was om beheer uit te oefen oor die aandeel van die Indiër in die handel en die mynbou. Aparte woon- en handelsgebiede is ook ingestel.[20] 'n Verpligte registrasie van alle Asiate is in 1907 met die "Asiatic Law Amendment Act" ingestel. Daarop het die proses van lydelike verset, gelei deur M.K. Gandhi, gevolg.[21]

### 3.2.2 Die bydrae van die Owerheid tot die voorsiening van onderwys

Intellektuele opheffing as 'n voorkomende maatreël teen armoede is gesetel in die voorsiening van genoegsame onderwysstrukture. Die Owerheid het ook tussen 1902 en 1910 hiertoe 'n bydrae gelewer. Milner het gepoog om die karakter en kultuur van die twee nuwe kolonies te verengels. Volgens die Onderwysordonansie van 1903 sou alle onderrig in Engels geskied en Nederlands net as vak onderrig word. Die Afrikaners wat pas uit 'n oorlog teen Brittanje gekom het, het egter nie die wet met vreugde ontvang nie. Met die hulp van die NG Kerk is Christelik-Nasionale Onderwysskole (CNO-Skole) gestig wat in Nederlands onderrig het. Teen 1905 was daar 9 000 leerlinge by CNO-

---

18 Anon., ***Further correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony (in continuation of [Cd. 3025] and [Cd. 3028])***, pp. 89, 91; B.J. Liebenberg en S.B. Spies, (Ed.), ***South Africa in the 20th century***, p. 36.

19 M.W. McKendrick, ***Introduction to social work in South Africa***, p. 10.

20 South African Bureau of Racial Affairs, ***The Indian population of South Africa***, p. 7; G.B. Pyrah, ***Imperial policy and South Africa, 1902 - 10***, pp.98 - 99, 104 - 106.

21 A.J. Arkin, K.P. Magyar and G.J. Pillay, ***The Indian South Africans***, p. 5; I.J. van Eeden, ***Armoede in sosiologiese perspektief***, p. 71; J & R. Simons, ***Class and colour in South Africa 1850 - 1950***, p. 71.

Skole ingeskryf, en 28 500 blanke leerlinge by Owerheidskole. Ongeveer 25 000 blanke leerlinge het nie skool bygewoon nie, aangesien onderwys nie verpligtend was nie.[22]

Dit blyk dat nie veel bestee is aan swart onderwys nie. Daar was die aanname onder sekere Owerheidsamptenare dat swartmense geen baat kon vind by enige opvoeding behalwe hande-arbeid nie. Alhoewel fasiliteite vir onderwyseropleiding wel beskikbaar gestel is, is net sowat £5 000 aan sendingskole uitbetaal.[23] In die Oranjerivierkolonie was daar ongeveer 13 000 swart kinders op skool. Die Boichoko Nywerheidskool vir seuns en die Moroka Industriële Skool vir dogters het basiese opleiding aan ongeveer 24 seuns en 41 dogters verskaf.[24]

In die Transvaal het die Britse Owerheid £10 000 se lenings aan ongeveer 200 blanke skole uitbetaal. Die Owerheid het die onderwys van swartmense hoofsaaklik aan die sendelinge oorgelaat, aangesien sendinggenootskappe reeds jare lank daarmee gemoeid was. Onderwys is egter nie verpligtend gemaak nie, aangesien dit verdere finansiële implikasies van Owerheidskant sou meebring.[25] Daarmee is verdere druk geplaas op verstedeliking, geskooldheid en vermoë van die individu om selfvoorsienend te wees.

### 3.2.3 Die eerste partikuliere welsynsorganisasies

In die periode voor 1902 is opgemerk dat vroue regoor Suid-Afrika en Europa besonder moeite gedoen het met opheffingswerk. In die proses is veral die Britse Owerheid genader om simpatie en om maatskaplike steun te bied. Ná 1902 was dit opmerklik weer die blanke vroue wat hulle georganiseer het om maatskaplikesorgdienste te formaliseer. In September 1904 is die Zuid-Afrikaansche Christelijke Vrouwen Vereeniging (later die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging) in die Kaapkolonie gestig.[26]

---

22 B.J. Liebenberg and S.B. Spies, (Ed.), ***South Africa in the 20th century***, p. 35; L.M. Thompson, ***The unification of South Africa, 1902 - 1910***, pp. 15 - 21.

23 B.J. Liebenberg en S.B. Spies, (Ed.), ***South Africa in the 20th century***, p. 35.

24 Anon., ***Further correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony (in continuation of [Cd. 3025] and [Cd. 3028])***, p. 82.

25 Anon., ***Further correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony (in continuation of [Cd. 3025] and [Cd. 3028])***, p. 88.

26 M.C. Potgieter, ***Maatskaplike sorg in Suid-Afrika:...***, p. 30; H.C. Lambrechts en E. Theron, ***Vrouevolksdiens. Die werk van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging***, pp. 5 - 14.

Maatskaplike sorg onder swart groepe het geblyk hoofsaaklik georganiseer te wees deur vooraanstaande gegoede swart elite. Hieronder het getel Abdullah Abdurahman en sy bydraes vir onderwys, sowel as John Tengu Jabavu se soortgelyke bydraes. Verder het die Aborigenes Protection Society 'n Zulu Relief Fund gestig, wat maatskaplike hulpverlening aan hoofsaaklik die Zulugemeenskap moes gee.[27]

Die eerste partikuliere welsynsorganisasie in die Transvaalkolonie, naamlik die Zuid-Afrikaansche Vrouwen Federatie, is in Oktober 1904 gestig. Die ZAVF/SAVF se vernaamste doelwitte was liefdadigheidswerk en opvoeding. Dié organisasie het hom ook beywer vir die formalisering van maatskaplike wetgewing.[28]

In Bloemfontein is 'n vrouetehuis deur die plaaslike dameskomitee bedryf. Volgens 'n amptelike administratiewe verslag het die tehuis maandeliks huisvesting aan ongeveer 22 dames verskaf. Teen 1906 het die Britse Owerheid egter sy bedenkinge begin uitspreek oor die voortgesette instandhouding van die onderneming, aangesien so min dames van hierdie fasiliteit gebruik gemaak het.[29]

Emily Hobhouse en verskillende vroueverenigings in die Kaapkolonie, die Oranje-Vrystaatse Kolonie en Transvaal het saamgewerk om te help met die opheffing van die jong Afrikanermeisies. Verskillende skole is in Transvaal en Oranje-Vrystaatse Kolonie gestig wat spesifiek opleiding verskaf het in die weefkuns en spinwerk. Hierdie tipe arbeidsopleiding het mettertyd ook op plase byval gevind.[30]

---

27 P. Warwick, (Ed.), ***The South African War the Anglo-Boer War 1899 - 1902***, p. 182; J. Grobler, ***A decisive clash? A short history of black protest politics in South Africa 1875 - 1976***, pp. 177, 180.

28 H.C. Lambrechts en E. Theron, ***Vrouevolksdiens. Die werk van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging***, pp. 16 - 17.

29 Die werksaamhede van dié plaaslike vrouekomitee in Bloemfontein kon moontlik die inspirasie gewees het vir die latere stiging van die Orangia Vroue Vereniging. Anon.,***Further correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony (in continuation of [Cd. 3025] and [Cd. 3028])***, p. 76; Anon., ***Further correspondence relating to affairs in the Transvaal and Orange River Colony (in continuation of [Cd. 2563] July, 1905)***, p. 4.

30 R. van Reenen, ***Emily Hobhouse. Boer War letters***, p. 386.

Die Kaap en Natal was nie so erg geraak deur die Suid-Afrikaanse Oorlog as die Transvaal- en Oranjerivierkolonie nie. Alhoewel groot veldslae in Natal en in die Noord-Kaap afgespeel het, is die plase nie verwoes en vee nie gedood nie. Inwoners is ook nie weggevoer na konsentrasiekampe nie.

In die Oranje-Vrystaat is die eerste vrouevereniging, die "Orangia Vroue Vereniging", in Maart 1908 gestig met die doel om maatskaplike hulpverlening aan die inwoners van die kolonie te bied. 'n Jaar later is die eerste kindersorgorganisasie vir Transvaal, onder die beheer van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging, in Johannesburg tot stand gebring.[31]

Ander partikuliere organisasies wat veral in die stede 'n groot rol gespeel het, was die Rand Aid Association, die Ladies of Charity en die Jewish Helping Hand Society. In 1909 is die Children's Aid Society amptelik deur Lady Selborne, die vrou van die Britse Hoë Kommisaris in Suid-Afrika, Lord Selbourne, gestig. Vooraanstaande politieke leiers soos Patrick Duncan en Richard Feetham, was die dryfvere agter die stigting van hierdie organisasie.[32]

Die Owerheid was, alhoewel nog steeds nie direk betrokke by welsynsdienste nie, deeglik bewus van die werk gedoen deur partikuliere en ander welsynsorganisasies. Afsonderlik het lede van die Owerheid ook bydraes gelewer tot maatskaplike welsynsdienste. Die Owerheid het egter 'n bydrae gelewer deur die aanname van enkele wette met 'n maatskaplike strekking tot en met 1910.

In die Oranjerivierkolonie het Wet nr. 51 van 1903 voorsiening gemaak vir die beskerming en versorging van vroue en kinders wat sonder 'n inkomste of enige hulp gelaat is. Die eerste maatskaplike wetgewing in die Transvaalkolonie in hierdie eeu was die "Wet ter Bescherming van het Leven van Jonge Kinderen" in 1907. In dieselfde jaar

---

31 Die Federale Kongres van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (Kaapland), Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (Transvaal), Oranje Vrouevereniging (Oranje-Vrystaat), Natalse Christelike Vrouevereniging (Natal), ***Vrouevolksdiens in oënskou***, pp.12, 20; H.C. Lambrechts en E. Theron, ***Vrouevolksdiens. Die werk van die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging***, p. 17.

32 L. Chisholm, "Class, colour and gender in child welfare in South Africa, 1902-1918", ***South African Historical Journal***, :23, pp. 100 - 121, Dec 1991.

is 'n soortgelyke wet in die Kaapkolonie aangeneem.[33] Kort op die hakke van genoemde wetgewing het die stigting van die eerste Kindersorgvereniging in die Kaap in hierdie eeu gevolg.[34]

In 1908 het die verslag van die "Transvaal Indigency Commission" wat deur die Owerheid ingestel is om ondersoek te doen na die lewensomstandighede van sy inwoners, verskyn. Veral die omstandighede van die bywoners is deur die kommissie as baie laag bestempel. Daar was 'n tekort aan geld en grond, en ook inisiatief.[35]

Teen 1910 was die eerste uitsluitlik maatskaplike wetgewing dus van krag. Die kerk en partikuliere organisasies het egter nog die grootste verantwoordelikheid op hulle geneem. Die toenemende aantal Armblankes het egter dringend 'n verandering in die Owerheid se houding gevra. Toestande gedurende die eerste tien jaar ná Uniewording sou egter nog nie gunstig wees vir volle toetrede van die Owerheid op hierdie vlak nie. Dit kom veral voor asof die Britse Owerheid tussen 1902-1910 minstens enkele wette aangeneem het, maar ook enkele kommissies lig laat sien het om eers tot volle kennis te kom rakende die gesteldheid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap in den brede. Uit wetgewing blyk dit dat die blanke wel voorrang geniet het. Dit was nie teenstrydig met die Britse ideologiese visie vir Suid-Afrika nie. Dit was veral die Engelssprekende blanke wat leiding geneem het in opheffing en maatskaplike sorg.[36]

---

33 "Wet ter Bescherming van het Leven van Jonge Kinderen" (Wet nr. 4 van 1907). Hierdie wet was veral gerig teen persone wat kinders huisves teen vergoeding in ruil vir arbeid.

34 P.L. Lefebvre and B.B.L. Jackson, ***The Statute Law of the Orange River Colony***, pp. 875 - 878; E. Theron en A.A. Stulting, ***Maatskaplike dienste in Suid-Afrika***, p. 15; H.C. Lambrechts en E. Theron, ***Vrouevolksdiens. Die werk van die Afrikaanse Christelike Vroueverenigin****g*, p. 17; M.C. Potgieter, ***Maatskaplike sorg in Suid-Afrika:. . .***, p. 30.

35 T.R.H. Davenport , ***South Africa. A modern history***, 2nd edition, pp. 319, 544.

36 Vergelyk L. Chisholm, "Class, colour and gender in child welfare in South Africa, 1902-1918", ***South African Historical Journal***, :23, pp. 100 - 121, Dec 1991.

## 3.3 DIE STAND VAN MAATSKAPLIKE WELSYNSDIENSTE TEEN 1910

Die ontneming en weerhouding van regte aan die swart, Kleurling- en Indiërgemeenskap, het hulle in 'n swakker ekonomiese en maatskaplike posisie geplaas. Dit het beteken dat hulle noodgedwonge 'n laer lewenstandaard moes handhaaf. Deur hierdie gemeenskappe se sosiale posisie te verlaag, is gepoog om die blanke gemeenskap se verstandhouding met Brittanje te verbeter. Daarom was die welvaart van die swart, Kleurling- en Indiërgemeenskappe nie 'n hoë prioriteit van die Britse administrasie nie.[37]

Wat opmerklik is van die Britse Administrasie-periode is dat die Owerheid wel op maatskaplike gebied toegetree het en nood onder die verskillende groeperinge tot 'n mindere of meerdere mate hanteer het. Dit was egter nie 'n oorweldigende tendens gedurende die periode nie. Internasionaal is maatskaplike dienslewering geag as die domein van die partikuliere organisasies en die gemeenskap. Die hulp van partikuliere welsynsorganisasies en veral kerkgenootskappe is deur die Owerheid verwelkom. Die Owerheid het net leiding gegee deur die instel van wetgewing en die aanstel van 'n beperkte aantal kommissies.

Die moontlikheid bestaan ook dat diegene gemoeid met Owerheidsake voor 1910, daarvan bewus was dat hulle in 'n interimstadium dien, en eerder die taak van maatskaplike sorg en welsynsdiens aan hulle "opvolger" wou oorlaat.

Die algemeen aanvaarde argument dat Suid-Afrika se maatskaplike toestande verskil van dié wat gedurende dieselfde jare in Europa ondervind is, het ook 'n invloed gehad op die Owerheid se siening van direkte Owerheidshulp. Die Kaapse Owerheid het byvoorbeeld tot 1910 geglo dat armoede soortgelyk aan wat in Europa ondervind word, nie bestaan nie. Daarby is werkloosheid beskou as 'n tydelike toestand wat nie direkte Owerheidsmaatreëls genoodsaak het nie.[38]

---

37 G.B. Pyrah, ***Imperial policy and South Africa, 1902 - 10***, pp. 96 - 97, 195.

38 E. van Heyningen, "Poverty, self-help and community: The survival of the poor in Cape Town, 1880 - 1910", ***South African Historical Journal***, 24, 1991, pp. 128 - 143.

Met uniewording in Mei 1910 het die nuwe Suid-Afrikaanse Owerheid verantwoordelikheid vir al die inwoners van die vorige vier kolonies aanvaar. Inbegrepe hierby was die maatskaplike welstand van alle inwoners. Alhoewel daar geen eksplisiete Owerheidsdepartement van Welsyn was nie, was al die ander Owerheidsdepartemente wel in die een of ander opsig by die maatskaplike welstand van Suid-Afrikaners betrokke.